NOTULE VAN DIE UITVOERENDE KOMMISSIE VERGADERING GEHOU

OP VRYDAG 29 JUNIE 1956.

TEENWOORDIG:

Di. P.S.Z. Coetzee; L. Nel en die Sendingsekretaris.

Dit word beskou as 'n spesiale vergadering

(1) Die brief van Mnr. N.F. Botha word gelees.
Nadat die saak deeglik bespreek is, besluit die vergadering om hierdie saak vir gunstige oorweging te verwys na die S.A.S.K.

(2) (a) Lening vir elektrisiteit-skema, Katete: Die Sendingsekretaris deel mee dat die Saakgelastigde op die oomblik geen fondse het tot sy beskikking nie. Dit sal egter aanbeveel word as die fondse beskikbaar is,

F(a)

F(c)

(b) Lening Mnr. Sarel Strydom: Met die oog op fondse wat nie nou beskikbaar is nie, sal oor hierdie saak later besluit word.

(c) Lening Ds. Strümpfer: Die Sekretaris rapporteer dat Ds. Strümpfer telefonies om 'n lening gevra het. Dit word besluit dat skriftelik aansoek gedoen moet word en die saak word verwys na die S.A.S.K.

B6.5

(d) Lening vir meule vir Tamanda en Hofmeyr: Die vergadering sal aanbeveel dat die lenings indien fondse beskikbaar is, aan die Opvoedkundige Departement gegee sal word vir daardie doel.

(3) Die aankoop van 'n katrol en pompsleutels ten bedrae van £10 vir Madzimoyo word goedgekeur.

(4) Die vergadering neem met dank kennis van die omsendbrief van die Departement van Gesondheid, Lusaka.

(5) Die aansoek van Prop. S. du Toit Smuts word behandel en hy word as werker aanvaar.

(6) Reiskoste, evangeliste uit Suid Rhodesië na Noord Rhodesië: Dit word besluit om die som van £75.13.8. daarvoor aan die Sinodalefonds van die Sendingkerk in Noord Rhodesië te betaal.

Die Voorsitter sluit die vergadering met gebed.